

15 Julie

“God het julle geroep om in vrede te lewe”

**Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 7:10-16
Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 7:14, 15**

Paulus begin in vers 12 'n probleem aanspreek wat deel was van die vrae wat die Korintiërs aan Paulus gerig het: Wat van 'n getroude paartjie waar slegs een van hulle eers ná hulle huwelik tot geloof gekom het? Moet hulle skei, want dit is tog gevaarlik vir 'n gelowige se geloofslewe om in so 'n naby verhouding met 'n ongelowige te lewe? Nee, is die antwoord!

Paulus se antwoord wys vir ons dat ons eerder moet dink oor die invloed van die gelowige op die ongelowige en hulle kinders, en die atmosfeer van vrede in die huis. Die woord “aanneemlikheid” in vers 14 (“heilig” – OAV) het niks te make met die ongelowige se redding, asof hulle deur 'n gelowige se geloof gered kan word nie. Hulle moet self die lewende God se genade in Christus ontdek om gered te kan word.

Dit gaan eerder hieroor dat ons liefdevolle Here groot begrip het vir die situasie waarin 'n gelowige is deur getroud te wees met 'n ongelowige vir wie sy/hy lief is, en veral as daar ook kinders is. Hy sal steeds sy genade en seën aan daardie huis gee en ook aan die kinders van daardie huis. Juis daarom hoef die gelowige nie die huwelik te verbreek nie, maar dra tog geen skuld as die ongelowige wil skei nie. Boonop ... die gelowige is in die heel beste posisie as enige ander persoon op aarde om die Here se uitnemende liefde en genade aan die ongelowige te wys, wat kan lei tot die verlossing van daardie persoon!

Sing: Psalm 128:3 (1936-beryming)

Ds. Griffel van Wyk (Kaapstad)